NUUSBRIEF 26 VAN 2026 *6 AUGUSTUS 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



### GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!

Komende naweek is 'n ***langnaweek*** met Maandag 10 Augustus 2026 wat 'n vakansiedag is. Sondag 9 Augustus 2026 is ***Nasionale Vrouedag.*** Ons wens al ons mamma's 'n geseënde dag toe op die spesiale dag wat eer betoon aan al die vroue in ons land. Ons hoop u geniet die langnaweek as gesin saam!!







Die ***toetsreeks*** vir Gr 4-7 leerders begin volgende week Donderdag 13 Augustus 2026 met Wiskunde vir die Gr. 7 leerders, terwyl die Gr. 4-6 leerders op Dinsdag 18 Augustus 2026 begin, ook met Wiskunde. Op dieselfde dag skryf die Gr. 7 leerders SW(Geo). Sien al die toetsdatums en ander belangrike datums op die kwartaal-program in Nuusbrief 24 van 2026.

Hierdie week het die eerste Landloopliga plaasgevind terwyl die krieket, tennis en hokkieliga's reeds begin het asook verskeie mini-sportsoorte. Op kultuurgebied het ons koor deelgeneem aan 'n koorfees. Ons is dus ***volstoom aan die gang*** op akademiese en buitemuurse gebied. Soos in verlede week se nuusbrief gekommunikeer het ons die ***Rynies Got Talent(RGT)*** optrede na September verskuif as gevolg van die besige program vir die leerders, veral op akademiese gebied.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Soos vroeër die week op die groepe gekommunikeer kan die leerders ***môre gewone klere*** aantrek, as hulle iets vir ons koskas bring ten bate van behoeftige gesinne. Ons het die koskas bietjie opgeknap met nuwe rakke en verfwerk. Ondersteun ons asseblief in die verband. Sien meer inligting elders in nuusbrief.



## OUD RYNIES PRESTEER

Baie geluk aan **Dian Coetzee** wat aan die begin van die seisoen sy debuut vir die Blou Bulle in die Curriebeker gemaak het.



Baie geluk aan **Johnathan Eloff** wat Saterdag vir die Blou Bulle uitgedraf het teen die Leeus in die Curriebeker wedstryd.



**Ons is saam met hierdie ouers trots op hierdie 2 manne wat beide as voorspelers speel!!!**

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## OUERS NEEM ASSEBLIEF KENNIS




Alhoewel die juniorleerders voor die seniorleerders verdaag, wil ons vra dat geen ouers op die skoolterrein sal wees voor **13:50** nie. Dit is nie net steurend vir ons seniors wat nog besig is met klas nie, maar ook 'n veiligheidsrisiko omrede dit nog skool is tot 13:50.



Ons wil ook vra dat ouers asseblief in ag sal neem waar hulle parkeer, moet asseblief nie in die opritte van omliggende bure of voor die skoolhekke parkeer nie.



Daar was versoeke vanaf ouers vir leerders om sweetpakke te dra op koue dae, ons kan ongelukkig dit nie toelaat nie. Skooldrag is verpligtend en nie alle leerders het sweetpakke nie.

**Ons vra asseblief ouers se samewerking met die bogenoemde.**

## INSKRYWINGS 2027



NUUSBRIEF 26 VAN 2026 6 AUGUSTUS 2026

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## LANDLOOP




***Sien asseblief leerders wat deelneem op volgende bladsy.***

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS**

**VERTREKTYE BY SKOOL:**

**JUNIOR** landloopleerders kan 12:45 afgehaal word. Daar sal slegs **een** afkondiging gemaak word om die leerders ontvangs toe te roep.

**SENIOR** landloopleerders vertrek direk na skool (geen afkondigings).

### Program for League 2

| AGE GROUP | TIME | DISTANCE |
|---|---|---|
| U/7 BOYS<br>U/7 GIRLS | 13:30<br>13:40 | 1KM |
| U/8 BOYS<br>U/8 GIRLS | 13:50<br>14:00 | 1KM |
| U/9 BOYS<br>U/9 GIRLS | 14:10<br>14:20 | 2KM |
| U/10 BOYS<br>U/10 GIRLS | 14:30<br>14:40 | 2KM |
| U/11 BOYS<br>U/11 GIRLS | 14:50<br>15:00 | 3KM |
| U/12 BOYS<br>U/12 GIRLS | 15:10<br>15:20 | 3KM |
| U/13 GIRLS | 15:30 | 3KM |
| U/13 BOYS | 15:40 | 4KM |

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## LANDLOOP

### LAERSKOOL RYNFIELD
Landloop
Liga 2 atlete

#### 0/7

**Seuns**

- Joey Meyer
- Luca Esterhuizen
- Liam Hauptfleisch
- Nathan Hammer
- Dewald Hattingh
- Jandré Nel
- Adriaan Grobler
- Jean-Luc Capazorio

**Dogters**

- Donnalee Kok
- Lily Scholtz
- Olivia Theron
- Valerie Etsebeth
- Riley Wewers
- Miloux Nel
- Janecke Botha
- Mienke Bekker
- Carli Enderstein
- Ayla Brown

#### 0/8

**Seuns**

- Hunter Huyser
- WJ Pretorius
- Luan van der Walt
- Lian Oosthuizen
- Joseph Short
- Luca Willimse
- Owen Esterhuizen
- Ruan Nienaber

**Dogters**

- Laruschka Swart
- Lené Schirmer
- Milea Duvenhage
- Zaria van Wyk
- Avah Emslie
- Karmi Loots
- Charmoné Nortje
- Lillian Venter

*Sien asseblief O/12 & O/13 leerders wat deelneem op volgende bladsy.*

### LAERSKOOL RYNFIELD
Landloop
Liga 2 atlete

#### 0/9

**Seuns**

- Kayden Roets
- André Klingenberg
- Declan van Wyk
- Sebastian Froneman
- Ulrich Nel
- Hendrik Meyer

**Dogters**

* Dwané Atterbury
* Braylé Steffens
* Kaylé Steffens
* Louisa Wepener

#### 0/10

**Seuns**

- Jordan Jurgens
- Stephan Short
- MJ du Plessis
- Maree Steenkamp
- Wihann vd Westhuizen
- Logan Botha
- Liam Enderstein
- Rikus Oosthuizen

**Dogters**

- Mia Wolmarans
- Charulé Dippernaar
- Zamoné Mulder
- Mila Nel
- Kensi Engelbreght
- Ci-Anne Myburgh
- Kyla van Deventer
- Liané Muller

### LAERSKOOL RYNFIELD

#### 0/11

**Seuns**

- Liam Havenga

**Dogters**

- Nadia Myburgh
- Siena Matthews
- Milea du Plessis
- Mila Hauptfleisch

# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

## LANDLOOP

### 0/12

**Seuns**

- Marno Steenkamp
- Malan Jansen van Vuuren
- Zuan Volschenk

**Dogters**

- Chanté Engel
- Lea Klingenberg
- Avah Brownlie
- Janke van Rooyen
- Zenieka Gissing
- Suzelle Booyens
- Jullienne Raysdorff
- Kiara Kukard

### 0/13

**Seuns**

- Julian Gouws

**Dogters**

- Kayla Botha
- Leanay Nel
- Nicola Wessels
- Leané Wessels
- Leané Mulder
- Lea Minnaar



BPSCC
BENONI PRIMARY SCHOOLS CROSS COUNTRY

BPSAA
BENONI PRIMARY SCHOOLS ATHLETICS ASSOCIATION

## BENONI CROSS COUNTRY

### League rules:

- League 1 - Mass participation – Top 50 athletes will progress to League 2.
- League 2 – Top 50 athletes from League 1 – Top 25 Athletes to progress to Greater Benoni.
- Greater Benoni – Top 20 will progress to D17 championship.
- Each child needs to have a medical questionnaire completed for each of the respective Leagues. Your school's Team Manager needs to keep these with them should we require it on the day.
- All athletes MUST participate at League 1 to progress to League 2.
- If an athlete is unable to participate in League 1, the relevant documentation will be reviewed by the committee to either include or exclude them from the next League, depending on the circumstances.
- If an athlete is unable to participate in League 2, NO documentation will be accepted in preparation for Greater Benoni.
- All relevant documentation pertaining to each athlete in your Cross Country team who has progressed to D17 needs to be dropped off at **Laerskool Rynfield reception by Monday 20 August. NO EXCEPTIONS!!!**
- No athlete will be allowed to compete at D17 if there are any discrepancies in the documentation.
- The Championships will be held in accordance with the CGA, ASA & SASA rules and regulations.

# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

## CHEERLEADING

RYNIES CHEER & POMS 2027

**PROEWE:**

6 Augustus 2026

15:30–18:30

L/s Rynfield Rugbyveld

SKANDEER VIR MEER INLIGTING:

### BELANGRIKE INLIGTING:

- Neem asseblief kennis: Cheerleading & Poms is 'n betaalde aktiwiteit. Maandelikse asook Registrasie fooie is van toepassing indien u kind vir die span gekies word. (Seisoen begin Aug 2026-Julie 2027)
- Spanplasings word gebaseer op vaardigheid, potensiaal, dissipline, spanwerk en die vermoë om instruksies te volg.
- Nie alle deelnemers sal noodwendig vir 'n span gekies word nie. Ons handhaaf hoë standaarde om die kwaliteit en veiligheid van ons programme te verseker.
- Cheerleading vereis toewyding, harde werk en konsekwente bywoning, maar bied ongelooflike geleenthede vir groei, selfvertroue en prestasie.
- Word deel van 'n FDDCMSA Nasionale Kampioen-span en ervaar die opwinding van een van Suid-Afrika se vinnigste groeiende sportsoorte.

### CHEERLEADING:

- Cheerleading is 'n dinamiese spansport wat stunts, spronge, tumbling en dans kombineer. Atlete werk saam om mekaar veilig op te lig, in die lug uit te voer en indrukwekkende roetines aan te bied. Dit vereis krag, balans, dissipline, vertroue en uitstekende spanwerk.

### POMS ( PERFORMANCE CHEER ) :

- Performance Cheer, ook bekend as Pom-poms, fokus hoofsaaklik op dans, ritme, presiese armbewegings, sinchronisasie en uitvoering met pom-poms. Hoewel daar ook beperkte stunts in sekere roetines voorkom, lê die klem op choreografie, tegniek, uitdrukking en musikale uitvoering eerder as gevorderde stunts en tumbling.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## TENNIS

Baie geluk aan al die spanne wat die afgelope twee weke ligawedstryde gespeel het. Julle het die Rynies se naam hoog gehou.

<u>Uitslae is as volg:</u>

Maandag 27/07 - A span seuns wen teen Laerskool Elspark 40-16.

Vrydag 30/07 - B span seuns wen 56-0 teen Pinnacle College Rynfield.

Maandag 03/08
* A span seuns wen 34-22 teen Laerskool Concordia.
* A span dogters wen 38-18 teen Laerskool Jan Van Riebeeck.
* B span seuns val vas teen Dalview 13-43

Sterkte vir die B span dogters wat Vrydag 07/08 teen Curro Serengeti speel. Ons weet julle gaan dit "love".



**A span seuns.**
V.l.n.r. Eben Duvenage, Nathan Viljoen, Hein Hoffmann en Luther du Randt



**A span dogters.**
V.l.n.r. Zika Uys, Anje Potgieter, Zemke du Randt en Nicolene du Plessis.

NUUSBRIEF 26 VAN 2026 *6 AUGUSTUS 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## DELL’ARTE SOLOSANG

Sterkte aan al ons solosang-maats wat tussen 11 en 17 Augustus gaan deelneem. Ons weet hoeveel ure se oefening en toewyding ingesit is. Hou noot en sing met selfvertroue – ons is trots op julle!

## KOOR EN DELL’ARTE KOORFEES

Laas Vrydagaand het ons Junior- en Seniorkoor met groot trots deelgeneem aan die Gereformeerde Kerk Benoni se jaarlikse koorfees. ’n Hartlike dankie aan elke ouer vir julle ondersteuning en aan elke koorlid vir jul toewyding en samewerking.
Die **14de Augustus** is dit tyd vir Dell’Arte se koorfees hier by Laerskool Rynfield. Sodra ons die program ontvang, sal die reëlings vir die optrede aan almal deurgegee word.
**Let wel:** Omdat Maandag ’n vakansiedag is en ons kooroefening mis, wil ons graag inhaal met ‘n verpligte oefening voor die kunswedstryd kompetisie:

- **Juniorkoor: Donderdag 7:00 in die Media**
- **Seniorkoor: Vrydag 7:00 in die Saal**

## SPREEKKORE

Ons spreekkore oefen steeds hard, en met die tyd wat vinnig minder word, is elke oefening nou uiters belangrik. Ons maats kan dit eenvoudig nie bekostig om oefeninge te mis nie. Onthou asseblief van ons optrede by **Laerskool Concordia** vir die Dell’Arte kunswedstryd op **4 September.**

**Gr. 1-3. 14:30 – 15:45** **Gr. 4-5. 17:00 - 18:00** **Gr. 6-7. 18:15 – 19:45**

## INTERSKOLE REDENAARSLIGA / INTERSCHOOLS PUBLIC SPEAKING LEAGUE

Die finale lys van deelnemers wat deurgedring het na die **Nasionale rondte** is reeds beskikbaar op die webtuiste. Ons sien vreeslik uit na hierdie byeenkoms en wens ons sprekers selfvertroue en passie toe. Sien julle **19 September by WITS!**

## PRESTASIE EN PRYSUITDELING

Ons herinner net weer ons ouers aan die versoek. Alle kultuur leeders se ouers moet asseblief ’n <u>sakkie of lêer</u> by die huis saamstel met **afskrifte** van u kind se **sertifikate/uitslae (Geen oorspronklike sertifikate nie).** Hou alles netjies bymekaar en volg die nuusbrief gereeld. U sal binnekort versoek word om dit in te handig. Alle toekennings vir **kunswerke** moet asb. nou al by jou kunsjuffrou ingehandig word.

*Kultuurgroete,*
*Juf. Coffey*



Stuur gerus enige navrae na
kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KOSKAS

Ter viering van Vrouedag en 'n heerlike langnaweek het ons ook besluit om ons koskas bietjie te vul met 'n **Civvie-dag!**
Onthou asseblief om jou **Woolies-lapsak** en 'n **nie-bederfbare kositem** saam te bring.



# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD












# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD



Laerskool Rynfield

KLEREDRAG KATALOGUS 2026

NUWE KLEREREEKS EN BESKIKBAARHEID BY VERSKAFFERS

| KLERE-ITEM | RYNFIELD DRAPERS | EKSPA | BESKRYWING |
|---|---|---|---|
| Ryniekouse | ✓ | ✓ | Beskikbaar by beide verskaffers |
| Ryniedrag kortmouhemp | ✓ | ✓ | Beskikbaar by beide verskaffers |
| Ryniedrag langmouhemp | Vanaf November '26 | ✓ | Beskikbaar by beide verskaffers |
| Ryniedrag kortbroek | ✓ | ✓ | Beskikbaar by beide verskaffers |
| Rynie sweetpak | ✓ | ✓ | Beskikbaar by beide verskaffers |
| Rynie Dri-mac | ✓ | ✓ | Besikbaar by beide verskaffers |
| Rynie netbal- en hokkiedrag | Hempie: ✓<br>Rompie: 15 Augustus '26 | Hempie: ✓<br>Rompie: ✓ | Volgens beskikbaarheid |
| Rynie atletiekdrag<br>Rynie atletiekdrag (selfde hempie as hokkie/netbal) met nuwe broekie (ski-pants & kortbroek) | Hempie: ✓<br>Broekies: 7 Augustus '26 | Hempie: ✓<br>Broekies: Middel September '26 | Volgens beskikbaarheid |

RYNIE ONDERSTEUNERS-REEKS: SLEGS AANLYN BESKIKBAAR BY CAMELION WORKWEAR

Ondersteuners langmouhemp

Ondersteuners kortmouhemp

Pawiljoenkussing

Sambreel

*Slegs vir ouers*

- Grootte: XS tot 6XL
- Unisex

HOE OM TE BESTEL

1. Bestellings word aanlyn geplaas by www.camelionworkwear.co.za.
2. Sodra jy jou bestelling voltooi het, sal jy deur 'n veilige betaalstelsel (paygate) gaan waar jy onmiddellik kan betaal via Instant Payment of EFT.
3. Aflewerings vind elke Vrydag by die skool plaas, en die bestellings sal by die skool uitgedeel word.

BESTEL EENVOUDIG DRA MET TROTS

www.laerskoolrynfield.co.za

# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD







## KONTAK ONS GERUS!

**079 074 8655**

**bemarking@rynfieldlaerskool.co.za**

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

# SNOEPIE SPYSKAART

| | |
|---|---|
| Maandag, 10 Augustus | VAKANSIEDAG! |
| Dinsdag, 11 Augustus | Melkkos |
| Woensdag, 12 Augustus | Quesadilla's (gevulde wraps) |
| Donderdag, 13 Augustus | Toasted chicken mayo |
| Vrydag, 14 Augustus | Rib burger @R35 |

**Prys verandering:**
**FROZEN YOGHURT @R17-00**

# NASKOOL



LAERSKOOL RYNFIELD

## VAKANSIEDAG

Maandag. 10 Augustus, is ‘n publieke vakansiedag. Naskool is gesluit.



## HUISWERKTYE

**Nuwe huiswerktye vanaf Graad 1 - 3.**
Huiswerkklas begin nou **14:30** en eindig **15:45**. Met hierdie tye kry leerders regverdig kans om middagete te geniet (na sportoefening) en dan huiswerk te doen.
Indien u, u kind voor 15:45 kom haal, maak asseblief seker dat hy/sy wel hul huiswerk voltooi het.
Ek herinner u ook, selfs al kom u ná 15:45, dat u steeds u kind se huiswerk moet kontroleer om seker te maak dit is gedoen en ook vir die korrektheid daarvan.



## NASKOOL SNOEPIE

Prys verandering: TUBS @ R25-00



## NASKOOL SPYSKAART

| DATUM | ETE | 15:30 - 16:00 |
|---|---|---|
| Maandag, 10 Augustus | VAKANSIEDAG! | Vrug & sap |
| Dinsdag, 11 Augustus | Macaroni & kaas | Vrug & sap |
| Woensdag, 12 Augustus | Sop & broodjie | Vrug & sap |
| Donderdag, 13 Augustus | Tuna broodjie | Vrug & sap |
| Vrydag, 14 Augustus | "2-min-noodles” | Vrug & sap |

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

